30 Maart 2020

Beste Menlo-ouer

**NASIONALE INPERKING: AKADEMIESE WERKSWYSE GEDURENDE DIE TWEEDE KWARTAAL**

Die tweede kwartaal is op hande en alhoewel die skooljaar anders daaruitsien as wat ons gedink het, is ons besig om gebeurlikheidsplanne te beraam om die ontwrigting te beperk. Met hierdie skrywe, deel ons graag die akademiese werkswyse wat in die afsienbare toekoms gevolg gaan word.

## 1. Agtergrond

- Ons het begrip daarvoor dat nie alle leerders en ouerhuise in ons skoolgemeenskap toegang tot Wi-Fi, rekenaars, tablette en selfone het nie. Dit is primêr die struikelblok van die meeste toepassings (“apps”) en programme wat as moontlike oplossing aangebied word, aangesien hierdie toepassings toegang tot die internet vereis. Wat ons wel weet, is dat amper al die leerders toegang tot die whatsapp-toepassing het.
- Die skool wil ouers verseker dat die werkswyse wat ons gedurende die inperkingstydperk gaan volg, weldeurdag is. Ons vaar almal in onbekende waters en ons aanvaar dat daar haakplekke sal wees. Die skool doen daarom ‘n beroep op ouers om ons te help om ‘n werkswyse te implementeer wat elke leerder in die huidige omstandighede tot voordeel sal strek.
- Ouers met leerders in graad 10 tot 12 word versoek om saam met hulle kind/ers te kontroleer dat elke leerder in elke vak op ‘n whatsapp-groep is. Graad 8’s en 9’s behoort slegs aan een groep, naamlik die klasgroep. Ten einde die beplande werkswyse suksesvol te implementeer, vra ons dat leerders die riglyne wat in hierdie skrywe uiteengesit word, nougeset sal volg.

## 2. Beplan vir die slegste scenario

- Die inperking is veronderstel om op 16 April opgehef te word. Tendense elders in die wêreld noop ons om te beplan vir die slegste moontlike scenario, wat beteken dat daar waarskynlik meer van die tweede kwartaal prysgegee sal moet word as wat aanvanklik verwag is.
- Die skool sal alle moontlike stappe doen om die akademiese ontwrigting sover moontlik te beperk. Alhoewel die werkswyse gedurende die inperking nie waardevolle klastyd kan vervang nie, glo ons dat daar steeds goeie vordering met die afhandeling van die leermateriaal gemaak sal word.

**3. Kommunikasie tussen die personeel en leerders**

- Die skool sal met behulp van whatsapp en/of e-posse met leerders kommunikeer. (Sien die spesifieke redes hiervoor later in die skrywe.)
- Ons is deeglik bewus daarvan dat nie alle leerders toegang tot hierdie kommunikasiemedia het nie. Die skool onderneem om, sodra die skole heropen, ‘n aktiewe program te loods om hierdie leerders te ondersteun.

**4. Kontaktyd tussen personeel en leerders**

- Daar is spesifieke tydsgleuwe vir elke vak en graad vasgestel waarin leerders via die onderskeie whatsapp-groepe met die personeel kan kontak maak. (Sien rooster aan die einde van die brief.)
- Hierdie rooster sal deur die Parkieraad versprei word en dit sal ook op die skool se webtuiste beskikbaar wees.

**5. Ander webwerwe en internetskakels**

- Daar is die afgelope tyd verskeie skakels na webwerwe, waar lesse beskikbaar is, op sosiale media gesirkuleer.
- Ons wil te alle tye verhoed dat leerders verward en oorweldig voel - ouers en leerders word daarom versoek om hierdie platforms te vermy en hulle te laat lei deur die Menlo-personeel.

**6. Die belangrikheid van selfstudie met begeleiding deur die personeel**

- Selfstudie en vooruitstudie gaan ‘n kritieke rol speel gedurende die inperking.
- Leerders wat die waarde hiervan besef, maak ‘n reusebelegging in hulle toekoms, aangesien selfstudie en vooruitstudie onontbeerlik is vir tersiêre studie.
- Moedig asseblief u kinders aan om hierdie proses aan te pak – met die personeel se bekwame leiding sal u kind ‘n waardevolle vaardigheid aanleer.
- Hou in gedagte dat makkerhulp (klasmaats) ook ‘n bruikbare element in die proses van selfstudie kan wees.

**7. Kommunikasie tussen die rolspelers (personeel, leerders en ouers)**

- Kommunikasie aan ouers en leerders sal op die volgende maniere plaasvind:
  - E-posse - hierdie kanaal sal slegs vir lang skrywes gebruik word.
  - Die skool se SMS-stelsel sal inligting met kort boodskappe aan ouers deurgee.
  - Ouers kan die skool se webwerf (www.menlopark.co.za) en die D6-kommunikeerder dophou vir inligting.
  - Whatsapp-groepe.

- Kommunikasie van ouers aan die skool kan as volg geskied:
  - Ouers kan personeel deur middel van e-pos bereik. Die Menlo-personeel se e-posadresse volg almal dieselfde patroon, naamlik naam.van@menlopark.co.za. Algemene navrae kan gestuur word na info@menlopark.co.za.

**8. Inligting met betrekking tot whatsapp-groepe**

**8.1 Waarom whatsapp?**

- Whatsapp word al geruime tyd deur die skool gebruik om boodskappe aan leerders te stuur. Verder is daar reeds whatsapp-groepe gestig en word hierdie platform deur heelwat leerders en personeel gebruik om inligting te sirkuleer.
- Dit is relatief maklik en goedkoop om inligting via whatsapp te stuur en te ontvang. Ouers word versoek om sover moontlik toe te sien dat leerders oor data beskik om inligting te ontvang en af te laai.
- Whatsapp laat gebruikers toe om inligting op ‘n verskeidenheid maniere te stuur en te ontvang.
- Leerders wat om bepaalde redes nie toegang tot whatsapp het nie, word versoek om hulle e-posadresse aan die Parkieraadslid in hulle klasse te stuur.

**8.2 Watter whatsapp-groepe en kommunikasiekanale bestaan reeds?**

- Die Parkieraad het ‘n bestaande kommunikasienetwerk:
  - Parkieraadvoorsitter – Graadleiers – Klasleiers – Leerders
- Hierdie kommunikasiekanaal gaan slegs vir graad 8- en 9-leerders gebruik word waar vakke **nie in whatsapp-groepe ingedeel is nie**.
- Graad 8- en 9-vakpersoneel sal deur die graadvoogde met leerders kommunikeer: Graad 8 – Me. Lelanie van Wyk; Graad 9 – Mnr. Corné van Wyk.
- Leerders in graad 10 tot 12 sal deur middel van vakgroepe kommunikeer.
- Daar bestaan reeds sulke whatsapp-vakgroepe vir die meeste vakke.
- Ons voorsien dat LO vir graad 10 tot 12 wel deur die Parkieraad se kommunikasiekanaal versprei sal word.
- Dit is dus noodsaaklik dat leerders moet seker maak dat hulle in elke vak aan ‘n klasgroep behoort.

**8.3 Watter tipe werk en opdragte gaan die leerders van onderwysers ontvang?**

- Leerders in elke graad en vak sal dieselfde werk ontvang.
- Elke leerder sal teen Dinsdag, 31 Maart ‘n weeklikse beplanning ontvang. Hierdie beplanning is ‘n handige instrument vir selfstudie.
- Die werk en lesse wat aan leerders gestuur word, sal afhang van die tipe vak en sluit in: navorsingsopdragte, praktiese take, oefeninge en kort lesse.

Die inperking bring mee dat dieselfde hoeveelheid werk as in ander jare in minder tyd afgehandel moet word. Alhoewel alle werk in die klas behandel sal word wanneer die skool heropen, sal dit in ‘n korter tyd plaasvind en leerders wat die weeklikse beplanning nougeset volg, sal die vrugte daarvan pluk.

Die tyd van inperking stel die skool voor bepaalde uitdagings wat nie sonder die ondersteuning van ouers aangepak kan word nie. Daarom word ouers versoek om die skool te ondersteun met die implementering van hierdie werkswyse en daagliks toe te sien dat leerders genoeg tyd aan hulle skoolwerk spandeer.

Wees verseker dat die personeel alles in hulle vermoë sal doen om u kind akademies by te staan – u kind se akademiese welstand bly ons hoogste prioriteit.

Baie dankie vir u begrip en ondersteuning.

**NICO ERASMUS**
**ADJUNKHOOF**

**SCHALK REYNDERS**
**HOOF**

**Aanhangsel: Rooster met kontaktye**

## 1. Algemene reëls

- Leerders rig vrae persoonlik aan die onderwyser en NIE OP DIE GROEP NIE. Indien die vraag en antwoord belangrik is vir die hele vakgroep, is dit die onderwyser se prerogatief om die vraag en antwoord op die groep te plaas.
- Sou onderwysers 'n stortvloed van vrae ontvang, kan leerders dalk 'n rukkie wag vir antwoord(e) – wees dus asseblief geduldig. Moenie die waarde van KORT stemboodskappe onderskat nie.

## 2. Rooster wanneer leerders die onderwysers per whatsapp mag kontak

| WHATSAPP-KONTAKTYE MET VAKPERSONEEL (GRAAD 10 - 12 LEERDERS) (SLEGS WEEKSDAE) | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **8:00-9:00** | **9:00-10:00** | **10:00-11:00** | **11:00-12:00** | **12:00-13:00** | **13:00-14:00** | **14:00-15:00** | **15:00-16:00** |
| Afrikaans | | | **12** | **10** | **11** | | | |
| Besigheid | **12** | **11** | | **10** | | | | |
| Drama Ku | | | **12** | **11** | **10** | | | |
| Duits | **10** | **12** | | | **11** | | | |
| Ekonomie | **11** | | **10** | | | **12** | | |
| Engels HL | | | **10** | **11** | **12** | | | |
| Engels FAL | | | **10** | **11** | **12** | | | |
| Fis Wet | | | | | | **11** | **12** | **10** |
| Frans | **10** | **12** | | | **11** | | | |
| Gasvryheid | **11** | | **12** | | | | **10** | |
| Geografie | | **10** | | **11** | **12** | | | |
| Geskiedenis | | | **11** | | **10** | | | **12** |
| IGO | **10** | **11** | **12** | | | | | |
| IT | **12** | | **10** | | **11** | | | |
| LO | **11** | **12** | | | **10** | | | |
| Lew Wet | | | | | | **12** | **10** | **11** |
| Musiek | **12** | | | **11** | **10** | | | |
| Rek | | **10** | **11** | **12** | | | | |
| RTT | | | | **10** | | **12** | | **11** |
| Toerisme | | **10** | **11** | | | **12** | | |
| Visuele KU | **10** | **11** | | **12** | | | | |
| Wiskunde | | | | | | **10** | **11** | **12** |
| Wisk Gelets | | | | | | **10** | **11** | **12** |

| WHATSAPP-KONTAKTYE MET VAKPERSONEEL (GRAAD 8 EN 9 LEERDERS) (SLEGS WEEKSDAE) | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **8:00-9:00** | **9:00-10:00** | **10:00-11:00** | **11:00-12:00** | **12:00-13:00** | **13:00-14:00** | **14:00-15:00** | **15:00-16:00** |
| Afrikaans | **9** | **8** | | | | | | |
| Engels HL | | | | | | **8** | **9** | |
| Engels FAL | | | | | | | | |
| EBW-Bek | | **9** | | | | **8** | | |
| EBW-Rek | **8** | | | | **9** | | | |
| LO | | | | | | | **9** | **8** |
| NS-LW | | | | | **8** | **9** | | |
| NS-FW | | | **9** | **8** | | | | |
| SW-Ges | **8** | | | | | | | **9** |
| SW-Aard | | **8** | | | **9** | | | |
| Tegnologie | | | | | | | **8** | **9** |
| Wiskunde | | | **8** | **9** | | | | |